

Study Opportunities

November 2013

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Graad 11

Vraestel 2 – Skriftelike vraestel

TYD: 3 URE

PUNTE: 150

Hierdie vraestel bestaan uit **13** bladsye (titelbladsy ingesluit)

Instruksies en inligting

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings: Afdeling A (25 punte), Afdeling B (78) punte en Afdeling C – die geïntegreerde scenario (47 punte).
 2. Beantwoord al die vrae.
 3. Lees die vrae noukeurig en let op na die puntetoekenning by elke vraag. Oor die algemeen word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sou daarom TWEE feite vereis, ens.
 4. Nommer die antwoorde soos op die vraestel.
 5. Laat 'n reël oop ná ELKE sub-vraag.
-

AFDELING A

Vraag 1

Kies die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf in die linkerkantlyn van jou bladsy slegs die *nommer* van elke vraag en langsaan die enkele hoofletter wat die beste antwoord verteenwoordig, byvoorbeeld 1.11 A.

- 1.1 Die beste manier om huts ('hash')-tekens wat in 'n sigblad verskyn (soos in die skermkopie aangedui) te verwyder, is om ...
- | | |
|---|-------|
| | A |
| 1 | ##### |
- A. weer die formule of funksie in sel A1 in te tik.
- B. sel A1 te formateer om 'n ander datatipe te gebruik.
- C. die kolom wyer te maak.
- D. die ry-hoogte aan te pas. (1)
- 1.2 Watter een van die volgende is die algemene naam vir tegnieke wat staat maak op die oorreding van mense om inligting uit te gee, of om toegang te verkry deur voor te gee dat jy iemand is wat die reg het om toegang tot hierdie inligting te kry?
- A. *Pharming*
- B. *Spyware*
- C. GIGO
- D. Sosiale manipulasie (*Social engineering*) (1)
- 1.3 Watter een van die volgende gee 'n algemene rangskikking van rekenaars of toestelle van die *mins kragtige* tot die *mees kragtige*?
- A. Tablet PC, Slimfoon, *Notebook*, Tafelrekenaar (*Desktop*)
- B. Slimfoon, Tafelrekenaar, Bediener (*Server*), Tablet PC
- C. *Notebook*, Skootrekenaar, *Netbook*, Bediener (*Server*)
- D. Slimfoon, *Netbook*, Skootrekenaar, Bediener (*Server*) (1)

- 1.4 Watter een van die volgende is die mees geskikte soort grafiek om te wys hoe die petrolprys oor die afgelope 10 jaar gestyg het?
- A. Lyngrafiek
 - B. Areagrafiek
 - C. *Scatter*-grafiek
 - D. Sirkelgrafiek (*Pie chart*)
- (1)
- 1.5 Watter een van die volgende is **nie** 'n bedryfstelsel wat met slimfone geassosieer word nie?
- A. iOS 7
 - B. Android Jelly Bean
 - C. BlackBerry 10
 - D. Windows 7
- (1)
- 1.6 Watter een van die volgende verwys na programmatuur wat deur 'n bedryfstelsel gebruik word om met 'n toestel soos 'n drukker te kommunikeer?
- A. *Keylogger*
 - B. Drywerprogram (*Driver*)
 - C. *Cookie*
 - D. *Firewall*
- (1)
- 1.7 Watter een van die volgende apparatuuritems se spesifikasies sou gewoonlik die MINS belangrike wees om in gedagte te hou wanneer 'n nuwe rekenaar aangekoop word?
- A. RAM
 - B. Blu-ray-aandrywer
 - C. SVE (*CPU*)
 - D. Hardskyf
- (1)
- 1.8 Watter een van die volgende is die beste voorbeeld van 'n goeie of sterk (*'strong'*) wagwoord?
- A. 0826517843
 - B. Mary
 - C. QwertyUIOP
 - D. Q@p7Y4\$_gT8
- (1)
- 1.9 Watter een van die volgende verwys na programmatuur wat veroorsaak dat advertensies in opspringvenstertjies op jou PC verskyn?
- A. Phishing nets
 - B. Firmware
 - C. Adware
 - D. Toepassingsprogrammatuur
- (1)

1.10 Watter een van die volgende verwys na programmatuur wat ontwerp is om op slimfone, tablette en ander mobiele toestelle uit te voer?

- A. Shareware
- B. Oopbronprogrammatuur
- C. Apps
- D. Libraries

(1)

[10]

Vraag 2

Sê of jy dink elk van die volgende stellings is WAAR of ONWAAR. As jy dink die stelling is ONWAAR, moet jy ook die stelling oorskryf deur NET die sleutelterm (wat onderstreep is) te verander, om die stelling waar te maak.

Voorbeeld 1: 'n Drukker is 'n voorbeeld van 'n afvoertoestel.

Antwoord: Waar

Voorbeeld 2: 'n Drukker is 'n voorbeeld van programmatuur.

Antwoord: Onwaar - 'n Drukker is 'n voorbeeld van **apparatuur**.

2.1 Adobe Reader word met PDF-lêers geassosieer.

2.2 'n WAN is 'n netwerk wat koordlose tegnologieë in plaas van kables gebruik.

2.3 Moderne hardeskywe het 'n kapasiteit of grootte wat in terme van MB gemeet word.

[5]

Vraag 3

Skryf in die linkerkantlyn van jou bladsy slegs *die nommer van die vraag in kolom A*, en langsaan die gepaste *hoofletter* van kolom B, byvoorbeeld 3.11 K.

Kolom A	Kolom B
3.1 'n Tegnologie wat gebruik kan word om deur middel van die sellulêre netwerk aan die Internet te konnekteer	A. SOHO
3.2 'n Soort kabel wat algemeen gebruik word om apparatuur in 'n bekabelde netwerk te verbind	B. POS
3.3 'n Tegnologie wat stemkommunikasie in 'n program soos Skype moontlik maak	C. PDA
3.4 'n Tegnologie wat outomaties kennisgewings oor opgedateerde inhoud van webtuistes aan die gebruiker stuur, sonder dat die gebruiker dit op elke webtuiste hoef te gaan soek	D. OCR
3.5 Die adres van 'n webblad of ander bron op die Internet	E. CSV
3.6 'n Tegnologie wat in 'n skyfie (<i>tag</i>) ingebou is en wat gebruik kan word om 'n persoon of voorwerp te identifiseer deurdat die identifikasiedata op die skyfie koordloos gelees kan word	F. RTF
3.7 Programmatuur wat gebruik word om 'n geskandeerde beeld van teks om te skakel sodat dit met 'n woordverwerker geredigeer kan word	G. PDF
3.8 'n Poort wat op nuwer rekenaars en toestelle aangetref word, waarmee TV-stelle wat dieselfde poort het gekonnekteer kan word	H. UTP
3.9 'n Protokol wat gebruik word om lêers oor die Internet te stuur	I. RFID
3.10 'n Toestel wat gebruik kan word om 'n rekenaar aan 'n LAN te konnekteer	J. NIC
	K. WLAN
	L. HTTP
	M. FTP
	N. VoIP
	O. RSS
	P. URL
	Q. HDMI
	R. ISP
	S. 3G

[10]

AFDELING B

Vraag 4

- 4.1 *Biometriese flash-skywe* het baie goedkoper geword.
- 4.1.1 Verduidelik die term *biometrie* in die konteks van IKT. (2)
- 4.1.2 Gee die vernaamste voordeel van biometrie teenoor ander sekuriteitsmaatreëls soos wagwoorde. (1)
- 4.2 Jou ma wil 'n goedkoop monochroom (swart en wit) laserdrukker koop. Sy hoef net op A4 grootte papier te druk.
- Gee TWEE tegniese spesifikasies behalwe dié reeds genoem, wat sy in ag moet neem wanneer sy hierdie drukker uitsoek.
- Let op dat dit die drukker se maak, waarborge, naverkoopdiens en koste uitsluit. (2)
- 4.3 Die aanhoudende, langdurige gebruik van rekenaartoestelle kan tot probleme soos RSI, hoofpyn en stremming op die oë lei.
- Noem TWEE dinge wat in die werkplek gedoen kan word om die risiko van hierdie gesondheidsprobleme te verminder, behalwe die gebruik van ergonomies ontwerpte apparatuur en meubels. (2)
- 4.4 Data kan op *flash-skywe*, eksterne hardeskywe en optiese skywe soos CD's of DVD's gerugsteun word.
- Gee TWEE nadele van die gebruik van optiese skywe om data te rugsteun, in plaas daarvan om eksterne hardeskywe te gebruik. (2)
- 4.5 Die argivering van lêers (*archiving*) kan die aantal lêers, sowel as die hoeveelheid data wat gerugsteun moet word, verminder.
- 4.5.1 Wat is die verskil tussen *rugsteun* en *argivering* van 'n lêer? (2)
- 4.5.2 Gee TWEE ander maniere om die hoeveelheid data wat gerugsteun moet word te verminder (behalwe die argivering van lêers). (2)
- 4.6 Terwyl jy 'n Facebook-blad oopmaak sien jy die boodskap:
- "You need to install the Adobe Flash plug-in to view the content on this page."*
- Verduidelik wat hierdie boodskap beteken deur na die konsep van 'n *plug-in* te verwys. (2)
- 4.7 Dit is belangrik om programmatuur soos jou kantoorpakket (*Office Suite*) op te dateer en seker te maak dat jy die jongste *service pack* geïnstalleer het.
- 4.7.1 Gee TWEE redes waarom jy jou kantoorpakket moet opdateer. (2)
- 4.7.2 Verduidelik wat 'n *service pack* is en hoekom dit belangrik is om die jongste *service pack* te installeer. (2)

- 4.8 Gee TWEE redes waarom ons partykeer 'n lêer in 'n ander lêerformaat moet stoor of moet export. (2)
- 4.9 'n Vriendin neem met haar digitale kamera foto's tydens haar oorsese reis. Sy kyk nou na die *metadata* van hierdie foto's.
Verduidelik kortliks wat metadata is en gee EEN voorbeeld van metadata wat spesifiek op 'n foto van toepassing is (en nie van toepassing op ander soorte lêers is nie). (2)
- 4.10 'n Vriend het aan jou genoem dat 'n sigblidlêer wat hy vanaf 'n CD oopgemaak het *read-only* is.
Verduidelik wat die term *read-only* in hierdie konteks beteken en gee een manier om die probleem wat dit skep te omseil. (2)

[25]

Vraag 5

- 5.1 Jou pa stel ondersoek in na die moontlikheid om 'n *breëband-internetkonneksie* soos 3G/4G of ADSL vir jul huis te bekom.
- 5.1.1 Wat is die vernaamste vraag wat jy moet vra as jy tussen 'n ADSL- en 'n 3G/4G-internetkonneksie moet kies? (1)
- 5.1.2 Gee EEN voordeel van ADSL (behalwe die koste en die feit dat dit 'n breëbandkonneksie is). (1)
- 5.2 Jou pa moet dikwels vir besigheid Namibië toe gaan en moet die Internet in sy hotel gebruik. Een van die maniere om met die Internet in sy hotel te konekteer sou wees om die WiFi-*hotspot* in die hotel te gebruik.
- 5.2.1 Verduidelik wat dit beteken deur te verduidelik wat 'n *hotspot* is en hoe en waar dit gebruik word om toegang tot die Internet te verkry wanneer mens op reis is. (2)
- 5.2.2 Terwyl hy in Namibië is wil jou pa met die gesin tuis in Suid-Afrika 'Skype' en wil hy daarvoor ook sy webkamera gebruik.
Verduidelik kortliks wat dit beteken om te 'Skype', en gee een rede hoekom dit nie noodwendig 'n goeie idee is om 'n webkamera gedurende 'n 'Skype-sessie' te gebruik nie. (2)
- 5.3 Jy is verwys na die webtuiste: www.detente.mobi.uk
Wat dui die *.mobi.uk*-gedeelte van die webadres aan? (2)
- 5.4 Die ontwerp en voorkoms van 'n webtuiste het 'n belangrike invloed om te bepaal of 'n gebruiker weer daarheen sal terugkeer.
Gee TWEE wenke of stukkies advies aan 'n ontwerper hoe om 'n webtuiste maklik navigeerbaar te maak, d.i. om die skakels te volg. (2)

- 5.5 Jou ma wil 'n e-posrekening opstel sodat sy weeklikse nuusbriewe aan die lede van haar boekklub kan uitstuur.
- 5.5.1 Wat is die vernaamste verskil tussen 'Instant Messaging (IM)'-stelsels soos WhatsApp, en e-pos? (1)
- 5.5.2 Terwyl sy haar e-posrekening opstel word sy gekonfronteer met hierdie stukkie 'eienaardige' teks wat sy in 'n tekshokkie moet oortik:
-
- Gee die algemene term wat vir hierdie soort 'toets' gebruik word, en verduidelik kortliks die doel daarmee. (2)
- 5.5.3 Verduidelik kortliks wat 'n kontakgroep in die konteks van e-pos is, en hoe dit jou ma kan help om haar nuusbrief uit te stuur. (2)
- 5.6 Baie gebruikers maak vir hul e-pos van Gmail gebruik.
- 5.6.1 Baie Gmail-gebruikers het nommers in hul e-posadres, bv. GarySmith45@gmail.com of XolaCabela007@gmail.com. Verduidelik hoekom hul Gmail-adresse syfers bevat. (1)
- 5.6.2 Wat is die TWEE hoofvoordele van die gebruik van 'n webgebaseerde e-posdiens soos Gmail, behalwe enige faktore wat met koste te doen het? (2)
- 5.7 Rekenaarvirusse vorm 'n groot bedreiging vir die veiligheid van data en inligting wat op rekenaars gestoor is.
- 5.7.1 Verduidelik kortliks hoe 'n antivirusprogram 'n lêer wat deur 'n virus geïnfekteer is op 'n rekenaar kan opspoor. (1)
- 5.7.2 Verduidelik wat dit beteken wanneer 'n virus onder kwarantyn geplaas is (*quarantined*) en hoekom 'n antivirusprogram 'n virus onder kwarantyn sal plaas. (2)
- [21]

Vraag 6

- 6.1 Jy wil inligting oor belastingregulasies in Suid-Afrika inwin. Jy fokus die soektog op twee objektiewe webtuistes wat goeie dekking oor die onderwerp bied. Nietemin weerspreek die webtuistes mekaar (en gee verskillende inligting) op plekke. Gee TWEE kriteria wat jy kan gebruik om tot 'n ingeligte besluit te kom oor watter van die twee webtuistes korrek is sonder om enige ander bron te raadpleeg. (2)
- 6.2 Opnames en vraelyste behoort sover moontlik uit *geslote vrae* te bestaan.
- 6.2.1 Verduidelik wat 'n geslote vraag is deur na 'n geskikte voorbeeld te verwys. (2)
- 6.2.2 Gee EEN rede, in terme van die verwerking van die data, hoekom dit beter is om geslote vrae in 'n opname of vraelys te hê. (1)

- 6.3 Opnames en vraelyste kan óf met die hand óf aanlyn (elektronies) op 'n rekenaar ingevul word.
Gee DRIE potensiële voordele as respondente die opname of vraelys elektronies invul en nie per hand nie. (3)
- 6.4 Sigblaaie voorsien 'n aantal eienskappe en fasiliteite om data te ontleed.
- 6.4.1 Verduidelik die vernaamste verskil tussen die gebruik van die *SUMIF*- en *COUNTIF*-sigbladfunksies, d.i. waarvoor elkeen gebruik word. (2)
- 6.4.2 Noem TWEE sigbladeienskappe *behalwe* die beskikbaarheid en gebruik van funksies wat 'n sigblad 'n ideale program maak om data mee te ontleed. (2)
- [12]

Vraag 7

- 7.1 Jou skool het 'n AUP (*Acceptable Usage Policy*) oor Internetgebruik.
Gee TWEE items wat ingesluit behoort te word in 'n AUP vir die rekenaars by die skool, behalwe enige sake wat te doen het met Internetgebruik en algemene gedrag. (2)
- 7.2 Dit is belangrik om jou *anti-spyware* op te dateer.
Gee TWEE items van jou *anti-spyware* wat opgedateer word wanneer jy hierdie programmatuur opdateer. (2)
- 7.3 Die sekuriteit van transaksies wanneer aanlyn gebank word is die verantwoordelikheid van die kliënt én die bank.
- 7.3.1 Die meeste banke beveel aan dat jy 'n *firewall* installeer.
Verduidelik wat 'n *firewall* is en watter funksie dit uitvoer. (2)
- 7.3.2 Noem TWEE sekuriteitsmaatreëls wat banke voorsien om hul kliënte te beskerm wanneer hulle aanlyn bank, behalwe die gebruik van wagwoorde en kodes wanneer mens op die webtuiste inlog. (2)
- 7.4 Dit is noodsaaklik dat akkurate data in 'n databasis ingevoer word ten einde akkurate, betekenisvolle inligting te lewer.
Verduidelik wat 'n valideringsreël (*validation rule*) is en hoe dit in hierdie verband sou help. (2)
- [10]

Vraag 8

- 8.1 Jou suster moet 'n Curriculum Vitae (CV) vir 'n werksaansoek opstel, maar sy is nie seker waar om te begin nie.


Verduidelik hoekom die gebruik van 'n *templa*at in hierdie geval sou help deur te verduidelik wat die funksie van 'n templa

at is. (2)

- 8.2 Jy het 'n outomatiese inhoudsopgawe in 'n woordverwerkingsdokument ingevoeg, maar jy vind dat een van die opskrifte wat jy wou insluit nie in die inhoudsopgawe verskyn nie.

Gee die TWEE stappe wat jy moet neem om verseker dat die opskrif wel in die inhoudsopgawe voorkom. (*Let wel: Dit is nie nodig om enige sleutelbord- of muisaksies in jou antwoord te spesifiseer nie.*) (2)

- 8.3 Die dialooghokkie hieronder het verskyn toe 'n tabel in Design View in Access toegemaak is.



- 8.3.1 Wat spesifiseer die *Field Size*-eienskap of *property* vir 'n teksveld? (2)

- 8.3.2 Noem een soort veld, buiten *Text*, wat 'n *Field Size*-eienskap sal hê. (1)

- 8.4 Jou skool bied rekenaaraandklasse aan. Kyk na die volgende databasistabel wat rekord hou van die aantal ouers wat die kursusse bywoon:

Kursus	Van	Naam	Geslag	Epos	BesitPC
3	Appel	Willem	M	Appelator@mailbox.co.za	N
1	Brummer	Mary	v		Y
1	Babbage	Gert	M	GertB@yahoomail.com	Y
2	Smit	Magda	F		N
2	Moodley	Thiolan	M	ThioMoodley@mweb.co.za	N

- 8.4.1 Die datatipe van die *BesitPC*-veld is tans as *Text* opgestel.

Watter ander datatipe kan vir hierdie veld gebruik word? (1)

- 8.4.2 Volgens die data wat tans in die tabel gestoor is, is daar nie 'n geskikte veld om die *primêre sleutel* te wees nie.

Verduidelik wat dit beteken deur te verwys na TWEE vereistes waaraan 'n veld moet voldoen om te kan optree as 'n primêr sleutel in 'n databasistabel. (2)

[10]

AFDELING C – Geïntegreerde Scenario

Scenario:

As deel van die Nasionale Jeugontwikkelingsinisiatief, het die Ubuntu Trust, 'n plaaslike NGO (nieregeringsorganisasie) befondsing verkry vir 'n program om werklose jongmense in die gemeenskap op te lei. 'n Lokaal in 'n plaaslike gemeenskapsentrum is vir hierdie doel verkry en 'n bank het ouer, herstelde rekenaars geskenk om die projek aan die gang te kry. Die bedoeling is om 'n koordlose netwerk te installeer en daarvoor moet bykomstige befondsing en donateurs verkry word.

Vraag 9

- 9.1 Een van die onmiddellike probleme is die onbetroubare, onstabiele kragvoorraad in die omgewing. Kragonderbrekings kom dikwels voor. 'n Kragopwekker is te duur om aan te koop en te onderhou.
Noem 'n toestel wat gebruik kan word om hiermee te help en gee EEN manier hoe hierdie toestel kan help om van hierdie kragprobleme te verminder. (2)
- 9.2 Potensiële donateurs is dikwels bekommerd dat die rekenaars wat hulle skenk gesteel kan word.
Gee TWEE fisiese teendiefstalstrategieë vir die rekenaars, behalwe om toegang tot die gebou te beheer. (2)
- 9.3 Die lede van die trust wil die vordering wat hulle maak dokumenteer deur foto's met 'n eenvoudige mik-en-druk digitale kamera te neem.
Gee TWEE spesifikasies waarna mens behoort op te let wanneer jy 'n digitale kamera wil koop. (Let op dat dit faktore soos waarborge, naverkoopdiens en koste uitsluit.) (2)
- 9.4 'n Aantal van die geskenkte rekenaars wat vir opleiding gebruik sal word het ou CRT-monitors wat nie werk nie en vervang moet word.
- 9.4.1 Iemand het raakskerms voorgestel, maar dit het ook nadele.
Gee TWEE potensiële *nadele* van die gebruik van raakskerms behalwe enige potensiële diefstal- of kosteverwante sake. (2)
- 9.4.2 Daar is 'n aantal spesifikasies om in gedagte te hou wanneer mens 'n monitor aankoop, soos kontrasskaal en *aspect ratio*'s, reaksietyd, ens.
Gee die TWEE *belangrikste* apparatuurspesifikasies wanneer enige soort monitor aangekoop word. (2)
- 9.5 Baie van die ouer rekenaars het relatief klein hardeskywe en hierdie hardeskywe is ook baie gefragmenteer.
Iemand het voorgestel dat hierdie hardeskywe gedefragmenteer moet word om skyfspasie beskikbaar te stel.
- 9.5.1 Verduidelik kortliks wat skyffragmentasie is en sê hoekom dit die rekenaar se algemene werkverrigting stadiger maak. (2)

- 9.5.2 Sal defragmentasie spasie op die hardeskyf beskikbaar stel soos voorgestel? Motiveer jou antwoord.
Let op: Jy sal nie enige punte kry vir net 'n 'Ja' of 'Nee' nie. (2)
- 9.6 Fondse is verkry om 'n *koordlose netwerk* te installeer, en 'n *lêerbediener* en 'n *proxy server*' is ook as deel van die netwerk geïnstalleer.
- 9.6.1 Wat is die algemene funksie van enige soort bediener op 'n netwerk? (1)
- 9.6.2 Gee TWEE *voordele* van die gebruik 'n lêerbediener om al die gebruikers se lêers te stoor in plaas van waar elke gebruiker sy/haar eie plaaslike hardeskyf gebruik om te stoor. (2)
- 9.6.3 'n *Proxy server* word gebruik om Internettoegang vir rekenaars in 'n netwerk te voorsien of te verbeter.
Gee TWEE *voordele* van die gebruik 'n *proxy server* hiervoor, behalwe enige kostebesparings. (2)
- 9.6.4 Gee TWEE *voordele* van die gebruik van koordlose tegnologieë om 'n netwerk te koppel in plaas van die gebruik van kables. (2)
- 9.6.5 Gee TWEE potensiële *nadele* van die gebruik van koordlose tegnologieë om 'n netwerk te konnekteer in plaas van die gebruik van kables, behalwe enige kosteverwante sake. (2)
- 9.7 Die gebruik van 'n netwerk is 'n nuwe ondervinding vir baie van die Ubuntu-trustees en opleiers.
Gee TWEE maniere hoe 'n gebruiker kan weet hy/sy is eintlik aan 'n netwerk verbind en nie slegs besig om 'n alleenstaande rekenaar te gebruik nie. (2)

[25]

Vraag 10

- 10.1 Sommige van die rekenaars het kantoorpakkette op hulle geïnstalleer – *Microsoft Office 2003* of *LibreOffice*. 'n Besluit is geneem om *Microsoft Office 2013* op die rekenaars wat nie 'n kantoorpakket het nie, te installeer.
- 10.1.1 Wat sou die voordeel van die gebruik van oopbronprogrammatuur soos LibreOffice vir Ubuntu Trust wees? (1)
- 10.1.2 'n Konsultant het die Trustees gemaan om die stelselvereistes vir Microsoft Office 2013 na te gaan.
Verduidelik kortliks wat stelselvereistes is en hoekom dit so belangrik is om na te gaan voordat gepoog word om Microsoft Office 2013 te installeer. (2)
- 10.1.3 'n Produk- of aktiveringsleutel of -kode moet dikwels ingesleutel word wanneer programmatuur geïnstalleer word.
Gee TWEE redes hoekom hierdie sleutel of kode ingesleutel moet word. (2)

10.1.4. 'n Ander keuse wat tydens die installasieproses gegee mag word, is om tussen 'n 'Typical' en 'n 'Full' installasie te kies.
Verduidelik wat elk van hierdie twee verskillende soorte programmatuurinstallasies behels. (2)

10.1.5 Daar is besluit om LibreOffice van die rekenaars af te haal.
Gee een rede hoekom mens nie sommer die relevante programlêergids moet uitvee nie. Gee ook die korrekte metode om die program van die rekenaar te verwyder. (2)

10.1.6 Gee TWEE moontlik probleme van die gebruik 'n mengsel van Office 2003 en Office 2013 op verskillende rekenaars in die netwerk. (2)

10.2 Van die gemeenskapslede wat opgelei word het sigprobleme.
Gee voorbeelde van TWEE soorte nutsprogramme wat hierdie gebruikers kan help om die rekenaars te gebruik. (Dit is nie nodig om spesifieke programname te noem nie.)
Let op: Dit sluit die verandering van instellings soos die fontgrootte uit. (2)

10.3 'n Konsultant het voorgestel dat die Trust dit oorweeg om *Microsoft Office 365* te installeer wat veral van *cloud computing* en *cloud storage* gebruik maak.

10.3.1 Verduidelik wat met die term *cloud storage* bedoel word. (1)

10.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n diens of webtuiste wat *cloud storage* bied. (1)

10.3.3 Gee TWEE algemene voordele van *cloud storage*. (2)

10.4 'n Databasis is opgestel om rekord te hou van mense wat die verskeie opleidingskursusse bywoon, en of hulle gedrukte opleidingsmateriaal benodig.
Die volgende diagram wys 'n navraag gebaseer op die rekords in die databasis. Die navraag is ontwerp om 'n alfabetiese lys te lewer van die Vanne van daardie mense wat:

- beide die 'Word'- en die 'Excel'-kursus doen; en
- 18 jaar of jonger is; en
- gedrukte kursusmateriaal benodig.

Field:	Naam	Van	Kursus	MateriaalBenodig	Ouderdom
Table:	tblData	tblData	tblData	tblData	tblData
Sort:	Ascending	Ascending			
Show:	<input checked="" type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	
Criteria			"Word" and "Excel"	True	>=18
or:					

10.4.1 Watter datatipe is vir die *MateriaalBenodig*-veld gebruik? (1)

10.4.2 Gee EEN rede hoekom dit beter sou wees om kodes (syfers) te gebruik om elk van die kursusse te verteenwoordig, bv. 1 vir 'Word', 2 vir 'Excel', ens. (1)

10.4.3 Gee enige DRIE probleme wat jy voorsien met die skep van hierdie navraag. (3)

[22]

TOTAAL: 150